



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

KONTANTVLOEISTATE

(AERP 2)



AERP 2

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Cash Flow Statements* wat uitgegee is deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB). Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Cash Flow Statements* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is gevestig in die IFAC en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2012 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande skriftelike toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Kontantvloei-state

	Paragrawe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 - .03
Voordele van kontantvloei-inligting	.04 - .06
Woordomsrywings	.07 - .10
Kontant en kontantekwivalente	.08 - .10
Aanbieding van 'n kontantvloei-state	.11 - .18
Bedryfsaktiwiteite	.14 - .16
Beleggingsaktiwiteite	.17
Finansieringsaktiwiteite	.18
Verslagdoening oor kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	.19 - .21
Verslagdoening oor kontantvloei uit beleggings- en finansieringsaktiwiteite	.22
Verslagdoening oor kontantvloei op 'n netto grondslag	.23 - .26
Kontantvloei uit buitelandse valuta-	.27 - .30
Rente en dividende of vergelykbare uitkerings	.31 - .34
Belasting op surplus	.35 - .37
Beleggings in beheerde entiteite, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	.38 - .39
Verkrygings en vervreemdings van beheerde entiteite en ander bedryfseenhede	.40 - .43
Niekontanttransaksies	.44 - .45



	AERP 2
Komponente van kontant en kontantekwivalente	.46 - .48
Ander openbaarmakings	.49 - .52
Datum van inwerkingtrede	.53 - .54
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.53
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.54
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Kontantvloestate</i> (2004)	.55
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Cash Flow Statements</i> (Mei 2000)	

KONTANTVLOEISTATE

Hierdie Standaard is oorspronklik in April 2004 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sederdien is dit soos volg gewysig:

- Verbeterings aan die Standaard van AERP wat in Februarie 2010 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaard van AERP in werking getree het:
- AERP 24 *Aanbieding van Begrotingsinligting in Finansiële State*
- Verbeterings aan die Standaard van AERP, wat in November 2013 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaard van AERP in werking getree het:
- AERP 18 *Segmentverslagdoening*

'n Bygewerkte eksemplaar van die wysigings wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan AERP 2 aangebring is en die voortspruitende wysigings aan AERP 18 is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik "entiteite" genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP), soos gekodifiseer deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke en uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters soos op 1 April 2012, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos omskryf in die WOFB);

AERP 2

- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) soos uitgereik deur die International Accounting Standards Board goedgekeur as AERP vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking van die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP word in paragraaf .01 tot .55 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgereik word en wat oorgangsbepalings voorskryf, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgereik is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide in die afwesigheid van uitdruklike leiding.

Doelstelling

- .01 Die kontantvloeistaat identifiseer die bronne van kontantinvloei, die items waarop kontant gedurende die verslagdoeningstydperk bestee is en die kontantsaldo soos op die verslagdoeningsdatum. Inligting oor die kontantvloei van 'n entiteit is nuttig vir die verskaffing van inligting aan gebruikers van finansiële state vir aanspreeklikheids- sowel as besluitnemingsdoeleindes. Kontantvloei-inligting stel gebruikers in staat om vas te stel hoe 'n entiteit die kontant verkry het wat hy nodig gehad het om sy aktiwiteite te befonds, asook op watter manier die kontant aangewend is. By die neem en evaluering van besluite oor die toewysing van hulpbronne, soos die volhoubaarheid van die entiteit se aktiwiteite, het gebruikers begrip van die tydsberekening en sekerheid van kontantvloei nodig.

Die oogmerk met hierdie Standaard is om voor te skryf hoe inligting oor die historiese veranderinge in kontant en kontantekwivalente van 'n entiteit aangebied moet word deur middel van 'n kontantvloeistaat wat kontantvloei uit bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite gedurende die tydperk klassifiseer.

Omvang

- .02 ***'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet 'n kontantvloeistaat opstel in ooreenstemming met die vereistes van hierdie Standaard en moet dit aanbied as 'n integrerende deel van sy finansiële state vir elke tydperk waarvoor finansiële state aangebied word.***
- .03 Inligting oor kontantvloei kan vir gebruikers van 'n entiteit se finansiële state nuttig wees vir die evaluering van die entiteit se kontantvloei, die evaluering van die entiteit se voldoening aan wetgewing en regulasies (met inbegrip van goedgekeurde begrotings waar toepaslik) en vir die neem van besluite oor die vraag of hulpbronne verskaf moet word aan of transaksies aangegaan moet word met 'n entiteit. Hulle is oor die algemeen geïnteresseerd in die manier waarop die entiteit kontant en kontantekwivalente genereer. Dit is die geval ongeag die aard van die entiteit se aktiwiteite en ongeag of kontant beskou kan word as die produk van die entiteit, soos die geval kan wees met 'n openbare finansiële instelling. Entiteite het kontant nodig om basies dieselfde redes, hoe verskillend hul belangrikste inkomstelewerende aktiwiteite ook al mag wees. Hulle het kontant nodig om te betaal vir die goedere en dienste wat hulle benut, om voorsiening te maak vir die deurlopende betaling van skuld en, in sommige gevalle, om skuldvlakke te verlaag. Gevolglik vereis hierdie Standaard van AERP dat alle entiteite 'n kontantvloeistaat aanbied.

Voordele van kontantvloei-inligting

- .04 Inligting oor die kontantvloei van 'n entiteit is nuttig om gebruikers te help om die toekomstige kontantbehoeftes van die entiteit, sy vermoë om kontantvloei in die

AERP 2

toekoms te genereer en veranderinge in die omvang en aard van sy aktiwiteite te voorspel. 'n Kontantvloeistaat bied ook 'n manier waarop 'n entiteit sy aanspreeklikheid vir kontantinvloei en kontantuitvloei gedurende die verslagdoeningstydperk kan nakom.

- .05 Wanneer 'n kontantvloeistaat saam met ander finansiële state gebruik word, bied dit inligting wat gebruikers in staat stel tot die evaluering van die veranderinge in netto bates van 'n entiteit en sy finansiële struktuur (met inbegrip van sy likiditeit en solvensie), asook sy vermoë om die bedrae en tydsberekening van kontantvloei te beïnvloed ten einde by veranderende omstandighede en geleenthede aan te pas. Dit verbeter ook die vergelykbaarheid van die verslagdoening oor bedryfsresultate deur verskillende entiteite, omdat dit die gevolge uitskakel van die gebruik van verskillende rekeningkundige behandelings van dieselfde transaksies en ander gebeure.
- .06 Historiese kontantvloei-inligting word dikwels aangewend as 'n aanwyser van die bedrag, tydsberekening en sekerheid van toekomstige kontantvloei. Dit is ook nuttig om die akkuraatheid te bepaal van vorige ramings van toekomstige kontantvloei.

Woordomskrywings

- .07 *Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik met die betekenisse soos gespesifiseer:*

Kontant behels kontant voorhande en opvraagbare deposito's.

Kontantekwivalente is hoogs likiede korttermynbeleggings wat gereedelik omskepbaar is in bekende bedrae kontant en wat aan 'n onbeduidende risiko van veranderinge in waarde onderworpe is..

Kontantvloei is invloei en uitvloei van kontant en kontantekwivalente.

Finansieringsaktiwiteite is aktiwiteite wat veranderinge in die grootte en samestelling van die van die bygedraagde kapitaal en lenings van die entiteit tot gevolg het.

Beleggingsaktiwiteite is die verkryging en vervreemding van langtermynbates en ander beleggings wat nie by kontantekwivalente ingesluit is nie.

Bedryfsaktiwiteite is die aktiwiteite van die entiteit wat nie beleggings- of finansieringsaktiwiteite is nie.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard gebruik met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde.

Kontant en kontantekwivalente

- .08 Kontantekwivalente word gehou met die doel om korttermynkontantverpligtinge na te kom eerder as vir beleggings- of ander doeleindes. Om 'n belegging as 'n kontantekwivalent te laat kwalifiseer, moet dit gereedelik omskakelbaar wees in 'n

AERP 2

- bekende kontantbedrag en onderhewig wees aan onbeduidende risiko van veranderinge in waarde. Derhalwe kwalifiseer 'n belegging normaalweg slegs as 'n kontantekwivalent wanneer dit vanaf die verkrygingsdatum 'n kort termyn van byvoorbeeld drie maande of minder het. Ekwiteitsbeleggings word uitgesluit van kontantekwivalente tensy hulle in wese kontantekwivalente is.
- .09 Banklenings word oor die algemeen beskou as finansieringsaktiwiteite. Bankoortrekkings wat op aanvraag terugbetaalbaar is, kan 'n integrerende deel van 'n entiteit se kontantbestuursaktiwiteite uitmaak. In hierdie omstandighede is bankoortrekkings ingesluit as 'n komponent van kontant en kontantekwivalente. 'n Kenmerk van sulke bankooreenkomste is dat die banksaldo dikwels van positief na oortrokke wissel.
- .10 Kontantvloei sluit bewegings tussen items uit wat kontant of kontantekwivalente uitmaak omdat hierdie komponente deel is van die kontantbestuur van 'n entiteit eerder as deel van sy bedryfs-, beleggings en finansieringsaktiwiteite. Kontantbestuur sluit die belegging van oormaatkontant in kontantekwivalente in.

Aanbieding van 'n kontantvloeistaat

- .11 *Die kontantvloeistaat moet verslag doen oor kontantvloei gedurende die tydperk wat volgens bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite geklassifiseer is.*
- .12 'n Entiteit bied sy kontantvloei uit bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite aan op 'n manier wat die geskikste is vir sy aktiwiteite. Klassifikasie volgens aktiwiteit verskaf inligting wat gebruikers in staat stel om die impak van daardie aktiwiteite op die finansiële stand van die entiteit en die bedrag van sy kontant en kontantekwivalente te evalueer. Hierdie inligting kan ook gebruik word om die verhoudings tussen daardie aktiwiteite te evalueer.
- .13 'n Enkele transaksie kan kontantvloei wat verskillend geklassifiseer is, insluit. Wanneer die kontantterugbetaling van 'n lening byvoorbeeld sowel rente as kapitaal insluit, kan die rente-element as 'n bedryfsaktiwiteit geklassifiseer word en die kapitaalelement as 'n finansieringsaktiwiteit.

Bedryfsaktiwiteite

- .14 Die bedrag van netto kontantvloei wat uit bedryfsaktiwiteite voortspruit, is 'n sleutelaanwyser van die mate waarin die bedrywighede van die entiteit befonds word:
- (a) by wyse van belastings (regstreeks en onregstreeks); of
 - (b) deur die ontvangers van goedere en dienste wat deur die entiteit verskaf word.

Die bedrag van die netto kontantvloei help ook aantoon wat die entiteit se vermoë is om sy bedryfspotensiaal te handhaaf, sy verpligtinge na te kom, 'n dividend aan sy eienaar te betaal en sonder gebruikmaking van eksterne finansieringsbronne



AERP 2

nuwe beleggings te maak. Die gekonsolideerde geheelregerings-bedryfskontantvloeï bied 'n aanduiding van die mate waarin 'n regering sy onlangse aktiwiteite deur middel van belasting en vorderings gefinansier het. Inligting oor die spesifieke komponente van historiese bedryfskontantvloeï is in samehang met ander inligting nuttig vir die voorspelling van toekomstige bedryfskontantvloeï.

AERP 2

- .15 Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite is hoofsaaklik van die vernaamste kontantgenererende aktiwiteite van die entiteit afkomstig. Voorbeelde van kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite is die volgende:
- (a) kontantontvangste uit belasting, heffings en boetes;
 - (b) kontantontvangste uit vorderings vir goedere en dienste deur die entiteit gelewer;
 - (c) kontantontvangste uit kontanttoelaes of oordragte en ander aanwendings of ander begrotingsmagtigings deur die nasionale regering of ander entiteite;
 - (d) kontantontvangste uit tantième, gelde, kommissies en ander inkomste;
 - (e) kontantbetalings aan ander entiteite om hul bedrywighede te finansier (lenings uitgesonderd);
 - (f) kontantbetalings aan verskaffers vir goedere en dienste;
 - (g) kontantbetalings aan en namens werknemers;
 - (h) kontantontvangste en kontantbetalings van 'n versekeringsentiteit vir premies en eise, annuïteite en ander polisvoordele;
 - (i) kontantbetalings van plaaslike eiendomsbelasting of inkomstebelasting (waar van toepassing) ten opsigte van bedryfsaktiwiteite;
 - (j) kontantontvangste en -betalings uit kontrakte gehou vir handels- of verhandelingsdoeleindes;
 - (k) kontantontvangste of -betalings uit beëindigde bedrywighede; en
 - (l) kontantontvangste of -betalings ten opsigte van regsgedingskikkings.

Sommige transaksies, soos die verkoop van 'n masjinerie-item, kan tot 'n wins of verlies lei wat in **surplus** of tekort ingesluit is. Die kontantvloei rakende sodanige transaksies is kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite. Kontantbetalings om bates vir verhuring aan andere te vervaardig of te verkry en later aan te bied om verkoop te word soos wat in paragraaf .75 van die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* beskryf word, is kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite. Die kontant ontvang in die vorm van huurgeld en latere verkope van sodanige bates is ook kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite.

- .16 'n Entiteit kan sekuriteite en lenings vir doeleindes van handel of verhandeling hou, wat dan vergelykbaar is met voorraad wat spesifiek vir herverkoop verkry word. Kontantvloei wat tydens handeldrywing in of verhandeling van sekuriteite voortspruit uit die aankoop- en verkoopproses, word derhalwe as bedryfsaktiwiteite geklassifiseer. Insgelyks word kontantvoorskotte en lenings wat deur openbare finansiële instellings aangegaan word, gewoonlik as bedryfsaktiwiteite geklassifiseer, aangesien hulle betrekking het op die belangrikste kontantgenererende aktiwiteit van daardie entiteit.

Beleggingsaktiwiteite

AERP 2

- .17 Die afsonderlike openbaarmaking van kontantvloeï wat uit beleggingsaktiwiteite voortspruit, is belangrik omdat die kontantvloeï die omvang verteenwoordig waartoe kontantuitvloeï gemaak is vir hulpbronne wat bedoel is om by te dra tot die entiteit se toekomstige dienslewering. Slegs uitgawes wat 'n erkende bate in die staat van finansiële stand tot gevolg het, kwalifiseer vir klassifikasie as beleggingsaktiwiteite. Voorbeelde van kontantvloeï wat uit beleggingsaktiwiteite voortspruit, is:
- (a) kontantbetalings om eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare en ander langtermynbates te verkry. Hierdie betalings is onder meer dié wat betrekking het op gekapitaliseerde ontwikkelingskoste en selfgeboorde eiendom, aanleg en toerusting;
 - (b) kontantontvangste uit verkope van eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare en ander langtermynbates;
 - (c) kontantbetalings om ekwiteit of skuldinstrumente van ander entiteite en belange in gesamentlike ondernemings te verkry (behalwe betalings vir daardie instrumente wat beskou word as kontantekwivalente of dié wat gehou word vir doeleindes van handeldrywing of verhandeling);
 - (d) kontantbetalings uit verkope van ekwiteit of skuldinstrumente van ander entiteite en belange in gesamentlike ondernemings (behalwe ontvangste vir daardie instrumente wat beskou word as kontantekwivalente en dié wat gehou word vir handeldrywing of verhandeling);
 - (e) kontantvoorskotte en lenings aan ander partye (behalwe voorskotte en lenings aangegaan deur 'n openbare finansiële instelling);
 - (f) kontantontvangste van die terugbetaling van voorskotte en lenings aan ander partye (behalwe voorskotte en lenings van 'n openbare finansiële instelling);
 - (g) kontantbetalings vir termynkontrakte, vooruitkontrakte, opsiekontrakte en ruiltransaksiekontrakte, behalwe indien die kontrakte gehou word vir doeleindes van handeldrywing of verhandeling, of die betalings geklassifiseer word as finansieringsaktiwiteite; en
 - (h) kontantontvangste uit termynkontrakte, vooruitkontrakte, opsiekontrakte en ruiltransaksiekontrakte, behalwe indien die kontrakte gehou word vir doeleindes van handeldrywing of verhandeling, of die ontvangste geklassifiseer word as finansieringsaktiwiteite.

As 'n kontrak in rekening gebring word as 'n verskansing van 'n identifiseerbare posisie, word die kontantvloeï van die kontrak op dieselfde manier geklassifiseer as die kontantvloeï van die posisie wat verskans word.

Finansieringsaktiwiteite

- .18 Die afsonderlike openbaarmaking van kontantvloeï wat uit finansieringsaktiwiteite voortspruit, is belangrik omdat dit nuttig is by die voorspelling van eise op toekomstige kontantvloeï deur verskaffers van kapitaal aan die entiteit. Voorbeelde van kontantvloeï wat uit finansieringsaktiwiteite voortspruit, is:



AERP 2

- (a) kontantopbrengste op die uitreiking van skuldbriewe, lenings, wissels, effekte, verbande en ander kort- of langtermynlenings;
- (b) kontanterugbetalings van bedrae wat geleen is; en
- (c) kontantbetalings deur 'n bruikhuurder ter vermindering van die uitstaande aanspreeklikheid ten opsigte van 'n bruikhuurkontrak.

Verslagdoening oor kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite

- .19 'n Entiteit moet met behulp van die direkte metode, ingevolge waarvan die belangrikste klasse bruto kontantontvangste en bruto kontantbetalings openbaar gemaak word, oor kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite verslag doen.**
- .20** Die direkte metode verskaf inligting wat nuttig kan wees by die raming van toekomstige kontantvloei. Ingevolge die direkte metode kan inligting oor die belangrikste klasse bruto kontantontvangste en bruto kontantbetalings verkry word:
- (a) óf vanuit die rekeningkundige rekords van die entiteit;
 - (b) óf deur aanpassing van bedryfsinkomste, bedryfsuitgawes (rente en soortgelyke inkomste, en rente- en soortgelyke uitgawes vir 'n openbare finansiële instelling) en ander items in die staat van finansiële prestasie vir:
 - (i) veranderings gedurende die tydperk in voorraad en bedryfsdebiteure en -krediteure;
 - (ii) ander nie-kontantitems; en
 - (iii) ander items waarvoor die kontantwaardes beleggings- of finansieringskontantvloei is.
- .21** Entiteite moet 'n rekonsiliasie verskaf van die surplus/tekort op die netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite. Hierdie rekonsiliasie kan as deel van die kontantvloei staat of in die aantekeninge by die finansiële state verskaf word.

Verslagdoening oor kontantvloei uit beleggings- en finansieringsaktiwiteite

- .22** 'n Entiteit moet afsonderlik verslag doen oor die belangrikste klasse van bruto kontantontvangste en bruto kontantbetalings wat voortspruit uit beleggings- en finansieringsaktiwiteite, behalwe in die mate waartoe oor kontantvloei soos wat in paragraaf .23 en .26 beskryf word, op 'n netto grondslag verslag gedoen word.

Verslagdoening oor kontantvloei op 'n netto grondslag

- .23 Oor kontantvloei wat voortspruit uit die volgende bedryfs-, beleggings- of finansieringsaktiwiteite mag op 'n netto grondslag verslag gedoen word:**
- (a) *kontantontvangste wat ingevorder word en betalings wat gemaak word namens klante, belastingpligtiges of begunstigdes wanneer die kontantvloei die aktiwiteite van die ander party weerspieël eerder as dié van die entiteit; en*
 - (b) *kontantontvangste en betalings vir items waarin die omset vinnig, die bedrae groot en die termyne kort is.*

AERP 2

- .24 Paragraaf .23(a) verwys slegs na transaksies waar die gevolglike kontantsaldo's deur die verslagdoenende entiteit beheer word. Voorbeelde van sodanige kontantontvangste en betalings is die volgende:
- (a) die invordering van belastings deur een regeringsvlak vir 'n ander regeringsvlak, sonder insluiting van belastings deur 'n regering vir sy eie gebruik as deel van 'n belastingdelingsooreenkoms;
 - (b) die aanvaarding en terugbetaling van aanvraagdeposito's van 'n openbare finansiële instelling;
 - (c) fondse gehou vir klante deur 'n beleggings- of trustentiteit; en
 - (d) huur ingevorder namens, en oorbetaal aan, die eienaars van eiendomme.
- .25 Voorbeelde van kontantontvangste en -betalings waarna in paragraaf .23(b) verwys word, is voorskotte wat gemaak word ten opsigte van, asook die terugbetaling van:
- (a) die aankoop en verkoop van beleggings; en
 - (b) ander korttermynlenings, byvoorbeeld dié wat 'n termyn van drie maande of minder het.
- .26 Oor kontantvloei wat uit elkeen van die volgende aktiwiteite van 'n openbare finansiële instelling voortspruit, kan op 'n netto grondslag verslag gedoen word:**
- (a) kontantontvangste en betalings vir die aanvaarding en terugbetaling van deposito's met 'n vaste vervaldatum;**
 - (b) die plasing van deposito's by en onttrekking van deposito's van ander finansiële instellings; en**
 - (c) kontantvoorskotte en lenings aan klante en die terugbetaling van daardie voorskotte en lenings.**

Kontantvloei uit buitelandse valuta

- .27 Kontantvloei wat uit transaksies in 'n buitelandse geldeenheid voortspruit, moet in 'n entiteit se funksionele geldeenheid te boek gestel word deur die wisselkoers tussen die funksionele geldeenheid en die buitelandse geldeenheid op die datum van die kontantvloei op die buitelandse geldeenheidbedrag toe te pas.**
- .28 Die kontantvloei van 'n buitelandse beheerde entiteit moet teen die wisselkoers tussen die funksionele geldeenheid en die buitelandse geldeenheid op die datums van die kontantvloei omreken word.**
- .29 Kontantvloei gedenomineer in 'n buitelandse geldeenheid word te boek gestel op 'n manier wat in ooreenstemming is met die Standaard van AERP oor *Die Uitwerking van Veranderinge in Wisselkoerse*. Dit laat die gebruik toe van 'n wisselkoers wat naby aan die werklike koers kom. 'n Beswaarde gemiddelde

AERP 2

wisselkoers vir 'n tydperk kan byvoorbeeld gebruik word vir die teboekstelling van transaksies in buitelandse valuta of die omrekening van die kontantvloeï van 'n buitelandse beheerde entiteit. Die Standaard van AERP oor *Die Uitwerking van Veranderinge in Wisselkoerse* laat nie die gebruik van die wisselkoers op die verslagdoeningsdatum toe wanneer die kontantvloeï van 'n buitelandse beheerde entiteit omreken word nie.

- .30 Ongerealiseerde wins en verlies wat uit veranderinge in wisselkoerse voortspruit, is nie kontantvloeï nie. Die uitwerking van wisselkoersveranderinge op kontant en kontantekwivalente wat in 'n buitelandse geldeenheid gehou word of verskuldig is, word egter in die kontantvloeïstaat te boek gestel ten einde kontant en kontantekwivalente aan die begin en die einde van die tydperk te rekonsilieer. Hierdie bedrag word afsonderlik van kontantvloeï uit bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite aangebied en sluit die verskille in, indien daar is, as daardie kontantvloeï teen wisselkoerse aan die einde van die termyn te boek gestel sou gewees het.

Rente en dividende of vergelykbare uitkerings

- .31 ***Kontantvloeï wat uit rente en dividende of vergelykbare uitkerings ontvang en betaal word, moet in elke geval afsonderlik openbaar gemaak word. Elkeen hiervan moet konsekwent van termyn na termyn geklassifiseer word, hetsy as bedryfs-, beleggings- of finansieringsaktiwiteite.***
- .32 Die totale bedrag rente wat gedurende 'n termyn betaal word, word in die kontantvloeïstaat geopenbaar, hetsy dit as 'n onkoste in die staat van finansiële prestasie erken is of in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor *Leenkoste* gekapitaliseer is.
- .33 Rente wat betaal word en rente en dividende of vergelykbare uitkerings wat ontvang word, word gewoonlik as bedryfskontantvloeï vir 'n openbare finansiële instelling geklassifiseer. Daar is egter geen konsensus oor die klassifikasie van hierdie kontantvloeï vir ander entiteite nie. Rente wat betaal word en rente en dividende of vergelykbare uitkerings wat ontvang word, kan as bedryfskontantvloeï geklassifiseer word omdat dit beweeg in die rigting van die vasstelling van surplus of tekort. Andersins kan rente wat betaal word en rente en dividende of vergelykbare uitkerings wat ontvang word, onderskeidelik as finansieringskontantvloeï en beleggingskontantvloeï geklassifiseer word, omdat dit die koste van die verkryging van finansiële hulpbronne of opbrengs op beleggings is.
- .34 Dividende of vergelykbare uitkerings wat betaal word, kan as finansieringskontantvloeï geklassifiseer word omdat dit die koste van verkryging van finansiële hulpbronne verteenwoordig. Anders kan dividende of vergelykbare uitkerings wat betaal word, geklassifiseer word as 'n komponent van kontantvloeï uit bedryfsaktiwiteite ten einde gebruikers te help om die vermoë van 'n entiteit te bepaal om hierdie betalings uit bedryfskontantvloeï te doen,.

Belasting op surplus

- .35** *Kontantvloeï wat uit belasting op surplus voortspruit, moet afsonderlik openbaar gemaak word en moet as kontantvloeï uit bedryfsaktiwiteite geklassifiseer word, tensy dit spesifiek met finansierings- en beleggingsaktiwiteite geïdentifiseer kan word.*
- .36** Entiteite word oor die algemeen vrygestel van belasting op surplusse.
- .37** Belasting op surplus spruit voort uit transaksies wat aanleiding gee tot kontantvloeï wat as bedryfs-, beleggings- of finansieringsaktiwiteite in 'n kontantvloeïstaat geklassifiseer word. Hoewel belastinguitgawes geredelik met beleggings- of finansieringsaktiwiteite identifiseerbaar kan wees, is dit dikwels prakties onuitvoerbaar om die verwante belastingkontantvloeï te identifiseer en kan dit in 'n ander termyn as die kontantvloeï van die onderliggende transaksie ontstaan. Gevolglik word belastings wat betaal word, gewoonlik as kontantvloeï uit bedryfsaktiwiteite geklassifiseer. Wanneer dit egter prakties uitvoerbaar is om die belastingkontantvloeï in 'n individuele transaksie te identifiseer wat aanleiding gee tot kontantvloeï wat as beleggings- of finansieringsaktiwiteite geklassifiseer word, word die belastingkontantvloeï soos toepaslik as 'n beleggings- of finansieringsaktiwiteit geklassifiseer. As belastingkontantvloeï oor meer as een klas aktiwiteit toegedeel word, word die totale bedrag wat aan belastings betaal is, openbaar gemaak.

Beleggings in beheerde entiteite, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings

- .38** Wanneer 'n belegging in 'n geassosieerde of 'n beheerde entiteit deur middel van die ekwiteits- of kostemetode in rekening gebring word, beperk 'n belegger sy verslagdoening in die kontantvloeïstaat tot die kontantvloeï tussen homself en die beleggingnemer, byvoorbeeld tot dividende of soortgelyke uitkerings en voorskotte.
- .39** 'n Entiteit wat met gebruik van proporsionele konsolidasie oor sy belang in 'n gesamentlik beheerde entiteit verslag doen, sluit sy proporsionele gedeelte van die gesamentlik beheerde entiteit se kontantvloeï in sy gekonsolideerde kontantvloeïstaat in. 'n Entiteit wat met gebruik van die ekwiteitsmetode oor sodanige belang verslag doen, sluit die kontantvloeï ten opsigte van sy beleggings in die gesamentlik beheerde entiteit in sy kontantvloeïstaat in, asook uitkerings en ander betalings of ontvangste tussen hom en die gesamentlik beheerde entiteit.

Verkrygings en vervreemdings van beheerde entiteite en ander bedryfseenhede

- .40** *Die totale kontantvloeï wat uit verkrygings en uit vervreemdings van beheerde entiteite of ander bedryfseenhede voortspruit, moet afsonderlik aangebied en as beleggingsaktiwiteite geklassifiseer word.*

- .41 'n Entiteit moet ten opsigte van sowel verkrygings as vervreemdings van beheerde entiteite of ander bedryfseenhede gedurende die tydperk in totaal elkeen van die volgende openbaar maak:**
- (a) die totale koop- of verkoopteentprestasie;**
 - (b) die gedeelte van die koop- of verkoopteentprestasie wat deur middel van kontant en kontantekwivalente vereffen is;**
 - (c) die bedrag kontant en kontantekwivalente in die beheerde entiteit of bedryfseenheid wat verkry of vervreem is; en**
 - (d) die bedrag van die bates en laste buiten kontant of kontantekwivalente wat deur die beheerde entiteit of bedryfseenheid wat verkry of vervreem is, erken word, opgesom volgens elke hoofkategorie.**
- .42** Die afsonderlike aanbieding van die kontantvloe-uitwerking van verkrygings en vervreemdings van beheerde entiteite en ander bedryfseenhede as enkele lynitems, tesame met die afsonderlike openbaarmaking van die bedrae van bates en laste wat verkry of vervreem is, help om dié kontantvloe te onderskei van die kontantvloe wat voortspruit uit die ander bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite. Die kontantvloe-uitwerking van vervreemdings word nie van daardie verkrygings afgetrek nie.
- .43** Oor die totale bedrag van die kontant wat as koop- of verkoopteentprestasie betaal of ontvang is, word na aftrekking van kontant en kontantekwivalente wat verkry of vervreem is in die kontantvloestaat verslag gedoen.

Niekontantransaksies

- .44 Beleggings- en finansieringstransaksies waarvoor daar nie die gebruik van kontant of kontantekwivalente nodig is nie, moet uitgesluit word uit 'n kontantvloestaat. Sulke transaksies moet elders in die finansiële state openbaar gemaak word op 'n manier waarop al die toepaslike inligting oor hierdie beleggings- en finansieringsaktiwiteite verskaf word.**
- .45** Baie beleggings- en finansieringsaktiwiteite het nie 'n regstreekse impak op huidige kontantvloe nie, hoewel hulle die kapitaal- en batestruktuur van 'n entiteit beïnvloed. Die uitsluiting van niekentantransaksies uit die kontantvloestaat is in ooreenstemming met die doel van 'n kontantvloestaat, aangesien hierdie items nie kontantvloe in die huidige tydperk behels nie. Voorbeelde van niekentantransaksies is:
- (a) die verkryging van bates deur die uitruiling van bates, deur die oorname van regstreeks verwante laste of deur middel van 'n bruikhuurkontrak; en**
 - (b) die omskepping van skuld in ekwiteit.**

Komponente van kontant en kontantekwivalente

- .46 'n Entiteit moet die komponente van kontant en kontantekwivalente in sy kontantvloei staat openbaar maak en 'n rekonsiliasie van die bedrae aanbied met die ekwivalente items wat in die staat van finansiële stand gerapporteer word.**
- .47 In die lig van die verskeidenheid van kontantbestuurspraktyke en bankreëlins en ten einde aan die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* te voldoen, maak 'n entiteit die beleid openbaar wat hy met die vasstelling van die samestelling van kontant en kontantekwivalente volg.
- .48 Oor die uitwerking van enige verandering in die beleid vir die vasstelling van die komponente van kontant en kontantekwivalente, byvoorbeeld 'n verandering in die klassifikasie van finansiële instrumente wat voorheen as deel van 'n entiteit se beleggingsportefeulje beskou is, word verslag gedoen in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute*.

Ander openbaarmakings

- .49 'n Entiteit moet, tesame met 'n kommentaar deur die bestuur, die bedrag van beduidende saldo's kontant en kontantekwivalente wat deur die entiteit gehou word en wat nie vir gebruik deur die ekonomiese entiteit beskikbaar is nie, openbaar maak.**
- .50 Daar is verskillende omstandighede waarin saldo's kontant en kontantekwivalente wat deur 'n entiteit gehou word, nie vir gebruik deur die ekonomiese entiteit beskikbaar is nie. Voorbeelde hiervan is saldo's kontant en kontantekwivalente wat deur 'n beheerde entiteit gehou word wat bedrywig is in 'n land waar deviesebeheer of ander wetlike beperkings van toepassing is wanneer die saldo's nie vir algemene gebruik deur die beherende entiteit of ander beheerde entiteite beskikbaar is nie.
- .51 Bykomende inligting kan gebruikers help om die finansiële stand en likiditeit van 'n entiteit te verstaan. Openbaarmaking van hierdie inligting, tesame met 'n kommentaar deur die bestuur, word aangemoedig en kan die volgende insluit:
- (a) die bedrag ongetrekte leningsfasiliteite wat beskikbaar mag wees vir toekomstige bedryfsaktiwiteite en om kapitaalverpligtinge na te kom, met aanduiding van enige beperkings op die gebruik van hierdie fasiliteite;
 - (b) die totale bedrae van die kontantvloei van elk van die bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite wat op belange in gesamentlike ondernemings betrekking het waarvoor met behulp van proporsionele konsolidasie verslag gedoen word;
 - (c) die bedrag en aard van beperkte kontantsaldo's; en
 - (d) die bedrag van die kontantvloei wat voortspruit uit die bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite van elke rapporteerbare segment (kyk die Standaard van AERP oor *Segmentverslagdoening*).

AERP 2

- .52 Waar bestemmings- of begrotingsmagtigings op 'n kontantgrondslag opgestel word, kan die kontantvloei staat gebruikers help om die verhouding tussen die entiteit se aktiwiteite of programme en die staat se begrotingsinligting te verstaan. Raadpleeg die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Begrotingsinligting in Finansiële State* vir 'n bespreking van die vergelyking van werklike en begrote syfers.

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .53 *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat in ooreenstemming artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word.*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .54 *'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie Standaard vir 'n tydperk toepas wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Herroeping van die Standaard van AERP oor *Kontantvloei state* (2004)

- .55 Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor *Kontantvloei state* wat in 2004 uitgegee is.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Cash Flow Statements* (Mei 2000)

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk oor *Kontantvloeistate* (AERP 2) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard oor *Cash Flow Statements* (IPSAS 2). Die belangrikste verskille tussen AERP 2 en IPSAS 2 is soos volg:

- Hierdie Standaard bevat veranderinge wat deur die IASB aan IAS 7 oor *Cash Flow Statements* gemaak is as deel van sy 2003-, 2008- en 2009-verbeteringsprojekte.
- Woordomsrywings wat nie noodsaaklik is om die Standaard te verstaan nie, is geskrap.
- IPSAS 2 beskryf die oorblywende deel van totale bates ná aftrekking van totale laste as “netto bates/ekwiteit”, terwyl AERP 2 na “netto bates” verwys.
- Die gebruik van die indirekte metode, ingevolge waarvan surplus of tekort aangesuiwer word vir die waardes van transaksies, is uit AERP 2 verwyder om konsekwenheid van opstelling te verseker.
- Paragrafe ingesluit in IPSAS 2 is oorgedra na die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State* en is uit AERP 2 geskrap, byvoorbeeld paragrafe wat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal, ekonomiese entiteit en netto bates gedek het.
- Riglyne oor die in rekening bring van verkrygings van entiteite wat ’n ander rekeningkundige grondslag toepas, is geskrap.
- Die bylae met ’n illustrerende voorbeeld van die kontantvloeistaat (vir ’n ander entiteit as ’n finansiële instelling) is uit hierdie Standaard geskrap.